BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim® Is Mamma-Gim

Deur Jackie van Zyl

Vir my begin die wonderwerk van ‘n baba eintlik reeds in jou binnekant wanneer jy en jou man “daai” gesprek het - “Ja, ons is nou al x-jaar getroud, ja ons het darem al ‘n woonstel gekoop, ja ek voel al meer gereed, ja ek dink ons kan dit bekostig” – soveel dinge! Maar van daardie oomblik dat julle mekaar die tweede “ja-woord” gegee het, begin die opwinding bou.

Ons begin goed van die internet aflaai, ons lees op, ons dink en beplan en kan eenvoudig nie wag om twee strepies op die swangerskapstoetsie te sien nie. Dit is ongelooflik opwindend!

En as daardie groot dag kom, genade, moet jy lag of huil, gaan julle sê of gaan julle eers wag? “Liefie, gaan koop nóg ‘n toetsie!!”

Meeste mense is ongelooflik bly en dankbaar as hulle uitvind hulle is swanger, ek en my man was definitief. Ons het moeite gemaak om uit te vind oor hoe babatjies ontwikkel, wat gebeur wanneer en watter aanvullings is die beste.

Ons seuntjie is nou al amper drie en ons dogtertjie amper 16 maande. Soos enige ouer jou sal sê, gaan dit soms maar wild. Ouers is mos nou maar eenmaal nie mense wat laatslaap en kan doen wat hulle wil nie. Die waardes en lewenslesse wat mens aan jou kinders wil oordra, die leer van goeie maniere en toepas van dissipline verg baie energie en al is jy totaal versot op jou kinders, besef ek dat ek in die warboel van verantwoordelikhede nie genoeg daaraan dink dat my kinders wonderwerke is nie.

Die BabaGim Instrukteursopleiding het my oë weer opnuut laat oopgaan - oopgaan vir dinge wat ek geweet, maar al vergeet het, en dinge wat ek nooit eens besef het nie.

Gee ‘n treetjie terug en dink net weer ‘n slaggie hieraan - teen die tyd dat jy uitvind jy is swanger, het soveel dinge alreeds gebeur. Jou kleintjie is lankal nie meer net twee selletjies wat bymekaar gekom het nie, sy hartjie gaan binnekort al begin klop! En besef ons in ons slapelose nagte dat destyds met daardie twee-strepie-oomblik jou baba reeds ‘n seuntjie of ‘n dogtertjie was, dat dit reeds geprogrammeer was of hy of sy blou of groen oë gaan hê, of hy of sy lank of kort gaan wees – die spesifieke genetiese kombinasie was al vas! Wat ‘n reuse besef!

Die BabaGim program het my ook weer laat besef dat jy jou natuurlike instinkte moet vertrou. Dis nie net ou-vrou-stories om nie parfuum om ‘n pasgeborene te dra nie, sy neusie word werklik deur skerp reuke geïrriteer. Dis nie ‘n foefie om baba te “swaddle” nie, dit herinner hom aan toe hy in jou baarmoeder was en laat hom ontspan. En uitgedoofde ligte? Daar was geen 100W lampies in jou baarmoeder nie, selfs gewone ligte is vir baba baie skerp!



©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2016

As ons ons man se skouers vryf na ‘n stresvolle dag, hoekom sou ons nie ons babatjie masseer nie? Elke dag is vir ‘n pasgeborene stresvol – op sy eerste lewensdag het die ginekoloog hom dalk selfs ‘n piets gegee as hy nie self diep genoeg wou asemhaal nie; hy voel ewe skielik vir die eerste keer koud en honger en hy is vir die eerste keer nie heeltyd by Mamma nie, hoe aaklig!

So, vir my is BabaGim ook Mamma-Gim. In ‘n groepklassie leer elkeen, insluitende die Instrukteur, by mekaar en so word ons almal beter mammas. Ons leer hoe dit wat ons gedink het reg was, toe al die tyd wél reg was, en ons begin om ons mamma-instink te vertrou, veral as ons sien hoe ons kindertjies blom.

Ek hoop dat alle mammas wat die program saam met hul babas doen sal sien hoe hul babas weekliks vorder en daarmee saam ook weer die diepte van moederskap sal besef. Jy is jou kind se nommer een, jy is sy enigste mamma.

As jy kans het, kyk vining na hierdie video’tjie, dit wys maar net dat ons almal aan dieselfde kant is.

https://www.google.co.za/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&source=web&cd=1&cad=rja&uact=8&ved=0ahUKEwjLlcm18vXMAhVHJMAKHSZTDB4QtwIIGjAA&url=https%3A%2F%2Fwww.youtube.com%2Fwatch%3Fv%3DXYliyCxV2AE&usg=AFQjCNEqyl4FLb3CGmYWFoTY5HG_1JRzvw&sig2=FobMC78-ne27wTGzU6j22w